**PROKLAMASIE NO. 60 VAN 2016**

## VAN DIE

## PRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## KENNISGEWING DEUR PRESIDENT TEN OPSIGTE VAN ENTITEITE DEUR VEILIGHEIDSRAAD VAN VERENIGDE NASIES GEÏDENTIFISEER: ARTIKEL 25 VAN DIE WET OP DIE BESKERMING VAN KONSTITUSIONELE DEMOKRASIE TEEN TERRORISTE-EN VERWANTE AKTIWITEITE, 2004

Hiermee gee ek, Jacob Gedleyihlekisa Zuma, President van die Republiek van Suid-Afrika, ingevolge artikel 25 van die Wet op die Beskerming van Konstitusionele Demokrasie teen Terroriste-en verwante Aktiwiteite, 2004 (Wet No. 33 van 2004), kennis dat die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies, ingevolge Hoofstuk VII van die Handves van die Verenigde Nasies die inligting soos vervat in die Aanhangsel gewysig het ten opsigte van entiteite wat geidentifiseer is as synde -

(a) entiteite wat terroriste- of verwante aktiwiteite pleeg of poog om dit te pleeg, of daaraan deelneem of die pleging van terroriste- of verwante aktiwiteite fasiliteer; of

(b) entiteite teen wie Ledestate van die Verenigde Nasies die stappe moet doen wat in Resolusies van die bedoelde Veiligheidsraad bepaal is, ten einde terroriste- en verwante aktiwiteite te voorkom of te bekamp.

Hierdie Proklamasie, sowel as die Aanhangsel daartoe, moet ook op die Suid-Afrikaanse Polisiediens Internet webwerf gepubliseer word:

http://www.saps.gov.za

Die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies dateer gereeld die gekonsolideerde lys op ten opsigte van byvoegings en weglatings. Die lys en die sleutel daartoe is beskikbaar op die volgende webwerwe op die Internet:

https://www.un.org/sc/commitees/1267/aq_sanctions_list.shtml.
https://www.un.org/sc/committees/consolidated list.shtml.
http://www.saps.gov.za (skakel met bovermelde webwerwe)

Toekomstige invoegings by of weglatings uit die lys, sal in die *Staatskoerant* gepubliseer word soos en wanneer inligting daaroor van die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies ontvang word.

Geteken te...Pretoria...........op hierdie...26.............dag van...September.......2016

**PRESIDENT**
Op las van die President-in-Kabinet

**MINISTER VAN DIE KABINET**